

# MATLABAS CUSTODIANS

PROTECT | DEFEND | IMPROVE

## NUUSBRIEF 2021

MATLABAS PLAASWAG

PROTOSPAN MATLABAS

MATLABAS PROTECTION CONNECTION
THE SAFEST POINT OF VIEW

MATLABAS IMPROVEMENT MOVEMENT
*for our people...*

MATLABAS CONSERVATION INITIATIVE

### SUKSESSSE 2021

Inleiding tot Plaaswag se nuusberig bl. 2

### VOORUITGANG EN GROEI

Inleiding tot MPC se berig. bl. 3

### PAKKIES MET PASSIE

Inleiding tot MIM se berig bl. 4

### STATISTIEK 2021

Inleiding tot MCI se berig bl. 5




### BEPLANNING 2022

2022 beloof om weereens 'n besige jaar te wees met beplanning wat reeds goed op dreef is.
Lees meer hieroor op bl. 6

# MATLABAS PLAASWAG

## SUKSESSE 2021

Matlabas Plaaswag het in die afgelope jaar, vele suksesse bereik t.o.v kriminele wat gearresteer is vir misdade wat strek van gewapende roof tot diefstal asook gesteelde goedere wat teruggevind is.

Hierdie suksesse word toegeskryf aan die noue samewerking wat ons met verskeie instansies het, bv. Bosveld Misdaad Ondersoeke, Monster sekuriteit met hul 24/7 beheerkamer, SAPS en dan natuurlik ook die harde werk agter die skerms van die Matlabas Tegniese span en die Matlabas Protospan. Die gemeenskap se paraatheid en rapportering van insidente op die onderskeie Whatsapp en Telegramgroepe, is ook 'n groot bydraende faktor tot hierdie suksesse.

Daar is 'n definitiewe daling in misdaad in die Matlabas Plaaswag gebied, wat 'n aanduiding is van die uitwerking van die suksesse wat reeds bereik is, maar ons wil elke Plaaswag- en- gemeenskapslid aanmoedig om steeds paraat te wees.

Jou veiligheid begin by jouself en by jou huis. Volg die wenke wat uitgegee word om jou veiligheid te verbeter. Kyk uit vir jou buurman, vriend en mede Plaaswag lede. Rapporteer verdagte bewegings, kyk uit vir vreemdes in u omgewing en wees waaksaam.

Die Matlabas Protospan het op 30 September 2021 inligting ontvang van 'n voertuig wat moontlik gesteelde koper kabel wou oplaai in die Makoppa omgewing. Twee beskadigde transformators is gevind waarvan die koper gestroop is. Die voertuig is opgemerk in Northam en is deur die SAPD gestop. Gesteelde koper en gereedskap is binne die voertuig gevind. 1 persoon is gearresteer. Die SAPD ondersoek die saak.

Bosveld Misdaad Ondersoeke, Matlabas Plaaswag, Thabazimbi speurdiens en ander SAPD-eenhede van Noord-Wes en Limpopo het die verdere inligting opgevolg gisteraand rakende die huisroof te Makoppa verlede naweek. Thabazimbi mas 173/02/2021. Drie(3) verdere verdagtes is gearresteer te Rustenburg omgewing. Beslag is gelê op van die geroofde eiendom.

Daar is gedurende die vroeë ure van 26 Augustus 2021 koper kabel gesteel by 'n Eskom substasie op Roete A tussen Sentrum en Cumberland. Skade is ook aan die transformators by die substasie aangerig. Dit het 'n lang kragonderbreking in die area veroorsaak. Die Matlabas Plaaswag tegniese span het 'n voertuig identifiseer wat moontlik betrokke was by die diefstal. Die voertuig is opgemerk op die R511 tussen Thabazimbi en Brits. Die inligting is met SAPD Brits en PPS Sekuriteit gedeel. Hulle het voertuig in Brits gestop. Koper kabel is in die voertuig gevind. Die drywer is gearresteer en beslag is gelê op die koper en die voertuig. Die ondersoek duur voort.

Matlabas Plaaswag Proto span het ontplooi nadat 'n kl... ontvang is van veediefstal in die Cumberland omgewin... Die plek waar 'n skaap geslag is, is gevind en spore is gevolg tot by 2 huise waar die vleis gevind is. SAPD Cumberland het 2 persone gearresteer. Die ondersoek duur voort.

...malo w... op 8 Maart, in 'n gesamentlike optred... tussen Bosveld Misdaad Ondersoeke, Matlabas Plaaswag en Thabazimbi speurdiens gearresteer is vir die huisroof/aanval op 'n plaas in Makoppa distrik Thabazimbi, word oo... deur Witpoort SAPD, asook ... SAPD, nadat hy te Witpoort ... het, terwyl hy in aanhouding ... moord gepleeg te plaas Dale... Burke in Maart 2018

*Diesel diefstal*

*Op 21 Junie 2021 is inligting ontvang v... oor 'n verdagte voertuig wat op die mi... beweeg. Die voertuig is gestop en daar... kanne met ongeveer 100 liter diesel, py... tregter gevind. Die diesel is gesteel op ... tussen Makoppa en Rooibokkraal. Die ... persone gearresteer en beslag gelê op ... voertuig.*

'n Gewapende roof het in die vroeë oggend ure van 28 Februarie 2021 in die Rooibokkraal omgewing plaasgevind. Plaaswerkers is aangerand en vasgebind waarna die woning van die eienaar besteel is. 'n Plaaswerker het ontsnap en na die bure gehardloop om hulp te ontbied.

Die Matlabas Plaaswag Protospan is ontplooi en SAPD is ontbied. Inligting ontvang naby die toneel het 'n verdagte voertuig identifiseer. Die voertuig is buite Thabazimbi waargeneem waarna die inligting met SAPD stasies en veiligheids strukture gedeel is.

SAPD Assen met die ondersteuning van PPS sekuriteit, HPG Beestekraal, KGBG sektor 6 het die voertuig by Beestekraal afgetrek en deursoek.

Vuurwapens, elektroniese toerusting en ... 5 persone is op die toneel gearresteer.

Na ondervraging en verdere ondersoek ... plaaswerker) op die plaas gearresteer ...

Die ondersoek duur voort.

05MRT2021

BMO IN SAMEWERKING MET MATLABAS PLAASWAG

MATLABAS SUKSES

Bosveld Misdaad Ondersoeke, Matlabas Plaaswag, Thabazimbi Speurdiens en ander SAPD -eenhede het inligting opgevolg rakende die ...isroof/aanval te Makoppa.

...slag is gelê op die voertuig ...t vermoedelik gebruik is ...lens die misdryf en een ...rdagte is gearresteer. ...dersoek duur voort



Die Matlabas Protospan het op 30 September 2021 inligting ontvang van 'n voertuig wat moontlik gesteelde koper kabel wou oplaai in die Makoppa omgewing. Twee beskadigde transformators is gevind waarvan die koper gestroop is. Die voertuig is opgemerk in Northam en is deur die SAPD gestop. Gesteelde koper en gereedskap is binne die voertuig gevind. 1 persoon is gearresteer. Die SAPD ondersoek die saak.

Bosveld Misdaad Ondersoeke en Senyaka Nyaka sekuriteit het inligting ontvang rakende 'n drone wat gesteel is tydens 'n huisbraak in Thabazimbi omgewing. (Thabazimbi mas 117/09/2021 het betrekking) Bosveld Misdaad Ondersoeke te same met Matlabas Plaaswag het gereis na Parys en beslag gelê op die drone en bybehore ter waarde van R50 000. Die nodige verklarings is bekom en die verdagtes geïdentifiseer en oorhandig aan Thabazimbi speurdiens.

...id van die Matlabas Plaaswag het gerapporteer dat ...ar die afgelope paar maande ongeveer 60 pare ...skoene uit sy skoenfabriek weggeraak het. Na verdere ...dersoek is 'n patroon vasgestel.

...die vroeë oggendure van 16 Mei 2021 was die verdagte ...rsoon weer binne in die fabriek. Die SAPD is ontbied en ...lede van die Matlabas Protospan is ontplooi. Die man is in ...gebou ... te pak ...weg te ... arresteer

MONSTER SECURITY SERVICES IN SAMEWERKING MET MATLABAS PLAASWAG

GEM...

September 2021

**6 Sept -**
Gewapende roof by Marken / Lephalale / Stockpoort T-aansluiting. Voertuig en 'n bedrag van R241 000 is geroof. Voertuig later deur SAPS verlate gevind op die Marken pad. Voertuig wat betrokke was by die roof is deur Monster sekuriteit en Matlabas tegniese span geïdentifiseer en inligting is aan SAPS deurgegee. Voertuig is deur buurtwagte van die omgewing en SAPS opgespoor en 'n arrestasie is gemaak deur Mahwelereng SAPS.

**16 Se...**
Gewa... Mall. ... van M... tegni... Shon... Nora ...
**18 Se...**
'n Vo... geste... Matla... sekur... Vaalw... SAPS ... het w... voort...

'n Oord buite Thabazimbi het die afgelope paar weke verskeie insidente van koperdiefstal gehad. Lede van die Matlabas Protospan het 'n kamera installeer op die terrein. Op 29 Junie 2021 het 'n verdagte persoon die eiendom betree en weer koper gesteel. Die kamera het 'n foto gestuur. Lede van die Matlabas Protospan het ontplooi en die SAPD ontbied. Die persoon is gearresteer en gesteelde koper is by hom gevind.

Inligting is opgevolg nadat die Toog boere gemeenskap 'n voertuig geïdentifiseer het wat vermoedelik by kabeldiefstal in die omgewing betrokke was. Die Matlabas Plaaswag se tegniese span, Monster sekuriteit, Phahladira Mall sekuriteit en SAPS Villa Nora het vanoggend in 'n gesamentlike operasie, 'n koperdiefstal sindikaat oopgevlek. Dit volg kort nadat Matlabas Plaaswag en Monster sekuriteit 'n vergadering met SAPS Lephalale gehad het, om kommunikasie en samewerking tussen die partye te bespreek.

Bosveld Misdaad Ondersoeke, Matlabas Plaaswag en Thabazimbi Speurdiens het verdere ondersoek gedoen en die gearresteerde verdagtes rakende die inbrake by besigheidspersele ondervra. Inligting is bekom en die uitstaande verdagte is gisteraand gearresteer te Mamelodi. Beslag is gelê op 6 nuwe Stihl bossiekappers, 4 ouer gebruikte bossiekappers, 2 nuwe kettingsae en 'n waterpomp masjien. Die bewysstukke is ingehandig te Thabazimbi SAPD en die verdagte is in aanhouding.

BMO MATLABAS PLAASWAG

MATLABAS SUKSES

30 MEI 2021

Bosveld misdaad ondersoeke het tesame met Matlabas Plaaswag inligting bekom nadat Thabazimbi geteister is met 'n vlaag inbrake en diefstalle. Bosveld Misdaad Ondersoeke, Matlabas Plaaswag en Thabazimbi speurdiens het die inligting opgevolg wat gelei het tot Vyf (5) arrestasies, waarvan twee plaasgevind het in die oggendure van Saterdag te Brits. Die ander drie(3) verdagtes is laat Saterdagaand gearresteer in Thabazimbi. Beslag is gelê op drie(3) voertuie wat gebruik is in die pleging van die misdrywe asook 'n selfoon toring battery, 6x voertuig batterye, 'n motorradio, selfone ens. Die verdagtes word tans positief verbind met 3x inbrake by besigheidspersele nl. Trentyre, Mac's Equipment, Buffelbeton, en 1x diestal vanuit 'n motorvoertuig .

Die ondersoek duur voort en nog arrestasies en beslagleggings word binnekort verwag.

Op 10 September 2021 het die Matlabas Plaaswag inligting ontvang van 'n voertuig wat moontlik betrokke kan wees by diefstal uit motor voertuie, wat onderweg is na Thabazimbi. Lede van die Matlabas Plaaswag Protospan en Matlabas Plaaswag Thabazimbi is ontplooi in samewerking met die Thabazimbi SAPD. Die voertuig en insittendes is gevolg. Na ongeveer 4 ure is gesien hoe een van die verdagtes 'n bakkie oopmaak en items uit die voertuig verwyder by Thaba Mall. 'n Bejaarde boer wat lid is van die Matlabas Plaaswag is ook beroof van sy selfoon.

Die SAPD het die drie verdagtes in die voertuig gearresteer toe hulle die dorp verlaat. Gesteelde selfone, kontant en ander items is in die voertuig en aan hulle persoon gevind. Daar is ook beslag gelê op die voertuig sowel as 'n apparaat wat gebruik word om afstandbeheer seine te blokkeer. Die gesteelde eiendom is deur die eienaars uitgeken.

Op 17 Junie 2021 het 4 mans 'n winkel by Steenbokpan beroof. Hulle het gevlug met 'n voertuig. Die Matlabas tegniese span is geaktiveer. Die voertuig is geïdentifiseer nadat inligting op die toneel ingewin is. Die inligting is gedeel met die SAPD, Lephalale en landelike veiligheids strukture. SAPD en lede van Vaalwater SIG het die voertuig tussen Vaalwater en Modimolle gestop. 3 verdagtes is gearresteer en bewysstukke is teruggevind. Die ondersoek duur voort.

Inligting is ontvang van 'n gesteelde Toyota Land Cruiser in die Koedoeskop gebied. Deur 'n gesamentlike operasie tussen Matlabas Tegniese Span en Tracker SA is die Cruiser opgespoor naby Ramokokastad in Noordwes. Spore van die verdagtes is gevolg maar later in die bergreekse verloor.

RESQ

LEGAL AND LIFE SUPPORT

## RES-Q VERSEKERINGSPRODUK

Matlabas Custodians het besef dat daar 'n behoefte is vir regsdekking, asook nood mediese ontruiming. Ons het ondervind dat mediese fondse traag is om goedkeuring te gee om helikopter ambulanse uit te stuur. Dit neem soms ure om goedkeuring te kry, daardie ure mag jou of 'n geliefde se lewe kos. Ons het vêr gaan soek, en hande gevat met Unigro Versekerings Makelaars om aan julle die ResQ app beskikbaar te stel.

Hierdie pakket is beskikbaar vir 'n minimale koste van **R615** per maand per gesin van 5 en sal jou 'n geruste hart gee dat jou. Jou gesin word beskerm en verteenwoordig deur omvattende regsdekking wat die volgende insluit van siviele tot kriminele sake:

- Plaasaanvalle
- Plaasbesettings
- Ongemagtigde plaasbetreding
- Plaasarebeideronluste
- Plaasbeveiligingsdienste/patrollies
- Vee- of wilddiefstalbestryding
- Teeneise of klagtes

Jy kan ook op addisionele dienste staatmaak:

- Regsbystand met kriminele sake wat verband hou met bostaande aangeleenthede.

- Telefoniese regsadvies deur gekwalifiseerde prokureurs met betrekking tot eiendomsoordrag, egskeiding en kontraktuele sake teen voordelige tariewe.









## ROCKET AIR

ResQ verbind jou ook met die mediese noodspesialiste wat dadelik sal reageer met 'n oproep om lewensnoodsaaklike advies te gee en om te reël vir die nodige mediese nooddienste, onderhewig aan vliegtoestande.

Indien jy die noodknoppie aktifeer sal die boodskap ook aan die Protospan deurgestuur word, wat onmiddelik sal reageer.

- 24-uur beskikbaarheid.
- Helikopterambulans ten volle toegerus met Gevorderde Lewensondersteuning-toerusting en geregistreer volgens die CAA 138 Regulasies.
- Gevorderde Noodspesialis Paramedici.
- Mediese toerusting en medisyne.
- 24-uur Hulpsentrum wat die nodige nooddienste wegstuur, reguleer en protokol nakom.



# MATLABAS PROTECTION CONNECTION

## VOORUITGANG, GROEI EN SUKSES

Matlabas Protection Connection gaan steeds van krag tot krag. 2021 was 'n jaar van vooruitgang, ongelooflike groei en vele suksesse. Protection Connection staan in die episentrum van die Plaaswag en Conservation Initiative se pogings om misdaad en wildstropings te bekamp. Protection Connection dien onder andere as 'n vroeë waarskuwings sisteem, om geverifieerde verdagte voertuie te identifiseer en sodoende uit ons area te hou. Met toegang tot verskeie databasisse probeer ons altyd op datum bly met die nuutste toevoegings. Deur die tegnologie en platforms wat Protection Connection gebruik kan daar Proaktief en Reaktief opgetree word teen verskeie misdade. 'n Hele aantal misdade is ook afgeweer en verhoed om plaas te vind in verskeie gevalle. Protection Connection werk nou saam met Wetstoepassing onder andere SAPD. Protection Connection was betrokke ter bystand en hulpmiddel aan SAPD onder andere by vele hoëprofiel / gewelds misdaad sake wat gelei het tot vele arrestasies.

- Die Limpopo *server* het tans 174 LPR/ANPR kameras met nog kamerapunte wat vir die nabye toekoms beplan word.
- Die Noordwes *server* het tans 69 LPR/ANPR kameras. Hierdie netwerk groei ook maandeliks.

Die stelsel lees tans meer as 5 miljoen voertuie per maand.

## STATISTIEK 2021

| MATLABAS PLAASWAG SUKSESSE | | | |
|---|---|---|---|
| **BESKRYWING** | Totaal 2020 | Totaal 2021 | Totaal vir 2020 en 2021 |
| **Gesteelde voertuie gevind en beslag op gelê** | 69 | 141 | 351 |
| **Verdagtes gearresteer - verskeie misdade** | 71+ | 89 | 241 |
| **Gekloonde nommerplate** | 125+ | 400+ | 525+ |
| **Gesteelde items gevind - waarde** | 70milj. | R100milj. | R170miljoen |
| **Kameras:** | | | |
| **Totaal LPR kameras op Noordwes server** | | | 69 |
| **Totaal LPR kameras op Limpopo server** | | | 174 |

## DESEMBER INSIDENTE EN SUKSESSE

*"A community that is engaged and working together, can be a powerful force" – Idowu Koyenikan*

**Insidente**

- Wildstroping
- Diefstal van voertuie
- Jag met honde
- Koper diefstal
- Gewapende roof

**Suksesse**

- Verdagte persoon is gestop in die Makoppa area en nagegaan. Daar is koper in sy besit gevind waarvoor hy geen verduideliking kon gee. Die verdagte is gearresteer vir die besit van koper.
- Gewapende roof/poging tot moord. 'n Persoon is geskiet en beroof te Thabazimbi area. Inligting is ingewin en opgevolg en 'n verdagte voertuig is geïdentifiseer. Kapt. Du Plessis van Northam SAPD is in kennis gestel. Die voertuig is gestop en drie verdagtes is gearresteer. Daar is beslag gelê op 'n vuurwapen en kontant.
- Wildstroping te Makoppa area. Verdagte voertuig het weggejaag nadat die verdagtes betrap is. Northam SAPD en Verkeer het die verdagtes probeer stop. Verdagte voertuig is agternagesit tot en by Beestekraal waarna die verdagtes aangekeer is deur Northam / Assen SAPD, Verkeer en Beestekraal boere gemeenskap. Twee verdagtes is gearresteer en daar is beslag gelê op die voertuig, 'n jaggeweer, ammunissie en gestroopte wild.
- 'n Verdagte voertuig met vals nommerplate is opgemerk in Brits. SAPD Brits en PPS het die voertuig probeer stop waarna die verdagte voertuig weggejaag het. Die voertuig het agter in n trok vasgery waarna die verdagtes aangekeer is. Daar is beslag gelê op vervalsde nommerplate en voertuig diefstal toerusting.
- Nege gesteelde/gesoekte voertuie is oor die groter gebied teruggevind.
- Daar is twee nuwe kamerapunte in die Makoppa area en een nuwe kamerapunt in die Brits area opgerig.

# MATLABAS IMPROVEMENT MOVEMENT

## KOSPAKKIE PROJEK

Hierdie jaar, was ten spyte van die vele terugslae, ook 'n jaar waarin in ons soveel het om voor dankbaar te wees.

Danksy die volgehoue ondersteuning vanuit die gemeenskap, was dit vir ons moontlik om kospakkies ter waarde van R45 000 uit te deel. Dit sluit uit die groente en vleis skenkings wat ons ook ontvang het.

Baie dankie vir elkeen wat saam met ons hierdie wa deur die drif trek.

## SKRYFBEHOEFTE PROJEK

Aan die begin van 2021, het Improvement Movement 'n baie suksesvolle eerste Pakkies met Passie skryfbehoefte projek geloods.
Ons is ongelooflik dankbaar vir die donasies vanuit die gemeenskap asook die reuse skenking vanaf Office Man Thabazimbi se Rudi en Selma, waarmee ons 60 behoeftige laer en hoërskool leerlinge se skryfbehoeftes vir die jaar kon aankoop. 'n Totale bedrag van R24 000 is aan die projek bestee.

Ons beoog om dieselfde vir die 2022 skooljaar te doen en het reeds begin werk aan hierdie projek. Daar is ongeveer 106 kinders op ons lys.

Indien jy 'n bydrae wil maak tot hierdie projek, kan jy 'n betaling maak in die volgende rekening:
Improvement Movement
Nedbank Lephalale
Branch no: 14454700
Acc. No: 1206544562
Verwysing: Naam en selfoonnommer
Stuur bewys na 0786277816

> *"Ons kan nie almal help nie, maar almal kan iemand help"- Ronald Reagan*














## *Pakkies met Passie*
## KERSFEES PROJEK

Menige kinder-en-bejaarde hart is bly gemaak hierdie jaar met Improvement Movement se tweede jaarlikse Pakkies met Passie Kersfees projek.

Hierdie jaar was die behoefte drie keer groter as verlede jaar en ons het nie veel hoop gehad toe die projek vroeg November afgeskop het nie. Maar ons wildste verwagtinge is oortref toe die gemeenskap se harte en hande en beursies oopgegaan het om hierdie projek te ondersteun.
Ons het altesaam vir 104 kinders en 88 bejaardes kersgeskenke aangekoop en kon bydrae tot hul kersetes. 'n Allemintige R66 000, is op die projek spandeer.

Ons wil weereens elkeen bedank wat hierdie projekte, wat ons so na aan die hart lê, ondersteun. Dankie ook aan die Hervormde kerk Vliegpoort vir die gebruik van hul terrein vir die toedraai van die geskenke en aan elke persoon wat kom help het met die groot toedraai. Hartlike dank aan Jacques Blaauw van Spur vir sy bydrae tot die kerspartytjies.

Dankie ook aan die dames van SAVF Thabazimbi en Sopkombuis wat die onbaatsugtuge werk op hul hande geneem het, om uit te reik na ons gemeenskap se mense in nood.



# MATLABAS CONSERVATION INITIATIVE

## WAARMEE WAS ONS BESIG

Matlabas Conservation Initiative strewe daarna om 'n daadwerklike verskil te maak in die saak teen renosterstropery in ons omgewing. Met die ondersteuning van Matlabas Protection Connection, Plaaswag en die Protospan het ons talle suksesse met betrekking tot teen-renoster stropery gehad.

Ongelukkig het ons ook hele paar renosters verloor. 'n Teken dat ons meer moet doen. Ons het dus gaan soek vir nog oplossings en nuwe tegnologie. Die MCI bestuur het die EarthRanger konferensie in Johannesburg bygewoon, en met vele betrokke partye skouers geskuur en bande gebou.

Ons help renostereienaars in die Matlabas Custodians gebied met die reëlings om die nuutste tegnologie voetbande op te sit en EarthRanger tegnologie uit te rol. Ons het ook 'n ooreenkoms met nuwe oorplaatjie tegnologie wat middel volgende jaar uitgerol word.

Ons poog ook om, onder andere, 'n platvorm te skep waarop daar 'n oop kommunikasie lyn kan wees tussen die renostereienaars in ons omgewing.

Eienaars wat belangstel is welkom om ons te kontak vir meer inligting.





## PROJEKTE 2022

Matlabas Conservation Initiative glo daarin dat renosters nie 'n individuele bate is nie, maar dat die gemeenskap eienaarskap behoort op te neem ten opsigte van die bewaring van hierdie majestieuse diere.

Ons moet eienaars bystaan in hulle bereidwilligheid om soveel risiko te neem, geld en tyd te bestee om die renosters vir ons nageslagte op te pas.

MCI beoog om nuwe tegnologie oor ons hele area uit te rol. Ons moet dit moontlik maak vir alle renostereienaars om hierdie tegnologie te bekom, en daarom sal ons in die nabye toekoms projekte loods om fondse in te samel om dit moontlik te maak.

Indien daar enige van julle is wat graag 'n finansiële bydrae sal wil maak om ons renosters te help oppas vind asb hierby die rekening besonderhede:

Matlabas Custodians
Nedbank Lephalale
Tak: 144547
Rek: 1183157592
Verwysing: MCI + Naam en selfoonnommer









*"One can measure the greatness and moral progress of a nation by looking at how it treats its animals" - Mahatma Ghandi*




“*En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid, gebore is die Saligmaker wat Christus die Here is - Lukas 2:10&11*

## KERS BOODSKAP

2021 was vir baie van ons 'n jaar van hartseer en verlies. Ons het baie geliefdes, vriende en familie, aan die dood afgestaan. Ekonomies het dit ook nie goed gegaan nie, met vele uitdagings.

Maar die Here het ons geseën met 'n gemeenskap wat omgee en saamstaan as die nood druk. Stadig maar seker, staan ons weer op, met nuwe moed en nuwe krag om die toekoms met geloof en volharding in te gaan.

Dit is ons wense dat u almal 'n besondere Geseënde en veilige Kersfees sal ervaar en dat die nuwe jaar vir u vrede en voorspoed sal inhou.

Matlabas Bestuurspan -groete

## BEPLANNING 2022

Hou gerus die Whatsapp en Telegram groepe, asook ons Facebook-blad dop, vir meer oor die volgende projekte wat beplan word vir 2022.

- MIM - Pakkies met Passie Skryfbehoefte projek.
- MPW - Jagpakket veiling.
- MCI - Fondsinsameling & bewusmakings projekte
- Noodhulp - Mans en dames.
- Verdere opleiding vir die Protospan

MATLABAS Custodians
PROTECT | DEFEND | IMPROVE